



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Price 20c Prys
Overseas 30c Oorsee
POST FREE—POSVRY

VOL. 132]

CAPE TOWN, 9 JUNE 1976

[No. 5150

KAAPSTAD, 9 JUNIE 1976

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 981. 9 June 1976.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 76 of 1976: Trade Practices Act, 1976.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 981. 9 Junie 1976.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 76 van 1976: Wet op Handelspraktyke, 1976.

WET

Om voorsiening te maak vir beheer oor sekere advertensies; om die gee of lewering van bates en die gebruik van handelskoepons in verband met die verkoop van goedere of die lewering of verskaffing van sekere dienste te beperk; om sekere handelspraktyke te verbied of te beheer; om die Handelskoeponwet, 1935, te herroep; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 1 Junie 1976.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskriving.

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

- (i) „advertensie” enige skriftelike, geïllustreerde, visuele of ander beskrywende stof of mondelinge verklaring, mededeling, voorstelling of verwysing wat onder lede van die publiek versprei word of op enige wyse hoege-naamd onder hulle aandag gebring word en wat bedoel is om—
 - (a) die verkoop of verhuring van goedere te bevorder of die gebruik daarvan aan te moedig of die aandag te vestig op die aard, eienskappe, voordele of gebruike van goedere of op die wyse of voorwaardes waarop of die pryse waarteen goedere gekoop, gehuur of andersins verkry kan word; of
 - (b) die gebruikmaking van 'n diens te bevorder of aan te moedig of die aandag te vestig op die aard, eienskappe, voordele of gebruik van 'n diens of op die wyse of voorwaardes waarop of die pryse waarteen 'n diens gelewer of verskaf word; (i)
- (ii) „bate” 'n prys, beloning, geskenk, diens, begunstiging, vry toegang of toegang teen 'n verlaagde prys tot 'n plek van vermaak, kostelose versekering of versekering teen 'n verlaagde tarief, of 'n ander bate of voordeel van watter aard ook al; (ii)
- (iii) „besigheid” 'n besigheid wat—
 - (a) goedere verkoop, invoer, vervaardig, ekstraheer, verpak, monteer, verhuur of produseer; of
 - (b) dienste lewer of verskaf; (iii)
- (iv) „diens” nie ook 'n diens wat deur iemand gelewer of verskaf word by die uitoefening van 'n beroep ten opsigte waarvan sy naam kragtens 'n Wet van die Parlement in 'n rol of register ingeskryf is nie; (xii)
- (v) „gidsprys” 'n prys wat deur 'n vervaardiger, produsent, ekstraheerder, verpakker, monteur, verhuurder of verspreider van goedere of deur 'n vereniging van handelaars in goedere of by ooreenkoms tussen sodanige handelaars as die kleinhandelsverkoopprys van daardie goedere in die algemeen of in 'n bepaalde gebied voorgestel of aanbeveel is; (vii)

TRADE PRACTICES ACT, 1976

Act No. 76, 1976

ACT

To provide for the control of certain advertisements; to restrict the giving or supply of benefits and the use of trade coupons in connection with the sale of goods or the rendering or provision of certain services; to prohibit or control certain trade practices; to repeal the Trade Coupons Act, 1935; and to provide for incidental matters.

*(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 1 June 1976.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

- 1.** In this Act, unless the context otherwise indicates— Definitions
- (i) "advertisement" means any written, illustrated, visual or other descriptive material or oral statement, communication, representation or reference distributed to members of the public or brought to their notice in any manner whatsoever and which is intended to—
 - (a) promote the sale or leasing of goods or encourage the use thereof or draw attention to the nature, properties, advantages or uses of goods or to the manner in, conditions on or prices at which goods may be purchased, leased or otherwise acquired; or
 - (b) promote or encourage the use of any service or draw attention to the nature, properties, advantages or uses of any service or the manner in, conditions on or prices at which any service is rendered or provided; (i);
 - (ii) "benefit" means any prize, reward, gift, service, concession, admittance free or at a reduced charge to any place of entertainment, free insurance or insurance at a reduced rate, or any benefit or advantage of any kind whatsoever; (ii)
 - (iii) "business" means any business which—
 - (a) sells, imports, manufactures, extracts, packages, assembles, leases or produces any goods; or
 - (b) renders or provides services; (iii)
 - (iv) "committee" means the Trade Practices Advisory Committee established under section 2; (xi)
 - (v) "consumer" includes any person who makes use of any service; (xiv)
 - (vi) "goods" include incorporeal movable and immovable property; (vi)
 - (vii) "guide price" means any price suggested or recommended by any manufacturer, producer, extractor, packager, assembler, lessor or distributor of any goods or by any association of dealers in any goods or by

Wet No. 76, 1976

WET OP HANDELSPRAKTYKE, 1976

- (vi) „goedere” ook onliggaamlike roerende en onroerende goedere; (vi)
- (vii) „handelskoepon” enige voorwerp hoegenaamd wat, of alleen of in verband met ’n ander voorwerp of ’n handeling, die houer daarvan die reg gee of heet te gee om ’n bate te ontvang of deel te neem aan ’n kompetisie om ’n bate; (xiv)
- (viii) „handelspraktyk” nie ook ’n handelspraktyk nie wat na die oordeel van die Minister ’n monopolistiese toestand is soos bedoel in artikel 2 (1) van die Wet op Reëling van Monopolistiese Toestande, 1955 (Wet No. 24 van 1955); (xv)
- (ix) „hierdie Wet” ook ’n kennisgewing daarkragtens gepubliseer of gegee; (xiii)
- (x) „inspekteur” ’n inspekteur kragtens artikel 5 (b) aangewys; (viii)
- (xi) „komitee” die Handelspraktyke-advieskomitee kragtens artikel 2 ingestel; (iv)
- (xii) „Minister” die Minister van Ekonomiese Sake; (ix)
- (xiii) „sekretaris” die Sekretaris van Handel; (x)
- (xiv) „verbruiker” ook iemand wat van ’n diens gebruik maak; (v)
- (xv) „verkoop” ook ooreenkom om te verkoop, of merk met ’n verkoopprijs, of vir verkoop aanbied, adverteer, hou, uitstal, versend, stuur, vervoer of lewer, of verruil of op enigerlei wyse teen ’n teenprestasie aan iemand van die hand sit; en het „verkoop”, wanneer dit as ’n naamwoord gebruik word, ’n ooreenstemmende betekenis. (xi)

Samestelling van
Handelspraktyke-
advieskomitee.

2. (1) Daar is ’n Handelspraktyke-advieskomitee wat deur die Minister aangestel word, waarvan een van die lede as voorsitter en een as ondervoorsitter aangewys word.

(2) Die Minister stel as lede van die komitee aan—

- (a) minstens sewe persone uit minstens agtien persone wie se name vir daardie doel voorgelê is deur liggame wat na die oordeel van die Minister elk van die kategorieë—
 - (i) bemerkingswese;
 - (ii) advertensiewese;
 - (iii) handel;
 - (iv) nywerheidswese;
 - (v) verbruikersaangeleenthede; en
 - (vi) posbestellings, verteenwoordig; en
- (b) hoogstens agt en minstens twee lede wat bevoeg is om hom te adviseer oor die toepassing van wetgewing wat met die beskerming van verbruikers in verband staan.

(3) Indien na die verstryking van ’n tydperk van drie maande vanaf die datum waarop die sekretaris die liggame bedoel in subartikel (2) (a) skriftelik versoek het om ’n lys van persone soos beoog in daardie subartikel voor te lê, daardie liggame in gebreke gebly het om genoemde lys aan bedoelde sekretaris voor te lê of ’n lys van persone wat in die een of ander opsig gebrekkig is aan bedoelde sekretaris voorgelê het, moet die Minister geskikte persone as lede van die komitee aanstel in die plek van die persone wat hy sou aangestel het indien bedoelde liggame nie aldus in gebreke gebly het om genoemde lys voor te lê nie of nie aldus ’n lys voorgelê het wat in die een of ander opsig gebrekkig is nie.

(4) ’n Lid van die komitee bekleë sy amp vir die tydperk, maar hoogstens drie jaar, en op die voorwaardes wat die Minister ten tyde van sy aanstelling bepaal: Met dien verstande dat ’n lid, behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3), by die verstryking van sy ampstermyn weer aangestel kan word.

TRADE PRACTICES ACT, 1976

Act No. 76, 1976

agreement between such dealers as the retail selling price, in general or in any particular area, of such goods; (v)

- (viii) "inspector" means any inspector designated under section 5 (b); (x)
- (ix) "Minister" means the Minister of Economic Affairs; (xii)
- (x) "secretary" means the Secretary for Commerce; (xiii)
- (xi) "sell" includes agree to sell, or mark with a selling price, or offer, advertise, keep, expose, transmit, send, convey or deliver for sale, or to exchange, or to dispose of to any person in any manner for a consideration; and "sold", "selling" and "sale" have corresponding meanings; (xv)
- (xii) "service" does not include any service rendered or provided by any person in the practising of any profession in respect of which his name has in terms of any Act of Parliament been entered into any roll or register; (iv)
- (xiii) "this Act" includes any notice published or given thereunder; (ix)
- (xiv) "trade coupon" means anything whatsoever which, either by itself or in connection with any other thing or act, entitles or purports to entitle the holder thereof to receive, or to participate in any competition for, any benefit; (vii)
- (xv) "trade practice" does not include any trade practice which in the opinion of the Minister is a monopolistic condition referred to in section 2 (1) of the Regulation of Monopolistic Conditions Act, 1955 (Act No. 24 of 1955). (viii)

2. (1) There shall be a Trade Practices Advisory Committee appointed by the Minister, one of whose members shall be designated as chairman and one as vice-chairman. Establishment of Trade Practices Advisory Committee.

(2) The Minister shall appoint as members of the committee—

(a) not fewer than seven persons from among at least eighteen persons whose names have been submitted for that purpose by bodies which in the opinion of the Minister represent each of the categories—

- (i) marketing;
- (ii) advertising;
- (iii) commerce;
- (iv) industry;
- (v) consumer affairs; and
- (vi) mail orders;

and

(b) not more than eight and not fewer than two members competent to advise him on the application of legislation relating to the protection of consumers.

(3) If after the expiry of a period of three months from the date on which the secretary in writing requested the bodies referred to in subsection (2) (a) to submit a list of persons as contemplated in that subsection, such bodies have failed to submit the said list to the said secretary or have submitted to the said secretary a list of persons which is defective in some or other respect, the Minister shall appoint suitable persons as members of the committee in the place of the persons he would have appointed if the said bodies had not so failed to submit the said list or had not submitted a list defective in some or other respect.

(4) A member of the committee shall hold office for such period, but not more than three years, and on such conditions as the Minister may determine at the time of his appointment: Provided that any member shall, subject to the provisions of subsections (2) and (3), on the expiry of his term of office be eligible for reappointment.

Wet No. 76, 1976

WET OP HANDELSPRAKTYKE, 1976

(5) Indien 'n lid van die komitee te sterwe kom of by skriftelike kennisgewing, gerig aan die Minister, bedank, kan die Minister, met inagneming van die bepalings van subartikel (2), iemand vir die onverstreke ampstermyn van daardie lid as opvolger van daardie lid aanstel.

Vergaderings van komitee.

3. (1) Die komitee vergader op die tye en plekke wat die voorsitter of, indien hy afwesig is, die ondervoorsitter bepaal.
(2) Die kworum vir en die prosedure by 'n vergadering van die komitee word deur die Minister bepaal: Met dien verstande dat 'n kworum uit minstens sewe lede bestaan en dat persone in diens van die Staat nie 'n meerderheid van 'n kworum uitmaak nie.

Besoldiging en toelae van lede van komitee.

4. Aan 'n lid van die komitee wat nie voltyds in diens van die Staat is nie, word in verband met die werksaamhede van die komitee die besoldiging en toelae betaal wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies van tyd tot tyd in die algemeen of in 'n besondere geval bepaal.

Delegering van bevoegdhede en aanwysing van inspekteurs deur sekretaris.

5. Die sekretaris kan—
(a) 'n bevoegdheid wat deur hierdie Wet aan hom verleen word, behalwe 'n bevoegdheid bedoel in artikel 6, aan een of aan meer as een beampte van die Departement van Handel deleger;
(b) beamptes van die Departement van Handel as inspekteurs aanwys om onderworpe aan sy beheer die werksaamhede van inspekteurs kragtens hierdie Wet te verrig.

Verstreking van inligting aan sekretaris deur sekere persone.

6. (1) Die sekretaris kan van tyd tot tyd ten opsigte van 'n aangeleentheid wat in hierdie Wet vermeld word, by skriftelike kennisgewing, deur die pos bestel of oorhandig, iemand aansê om voor 'n datum in die kennisgewing vermeld die inligting wat in die kennisgewing aangevra word en met so iemand se besigheid in verband staan, skriftelik aan die sekretaris te verstrek: Met dien verstande dat inligting wat verlang word met die oog op die uitoefening van 'n bevoegdheid wat kragtens hierdie Wet aan die Minister of die komitee verleen word alleen in opdrag van en namens die Minister of die komitee, na gelang van die geval, aangevra kan word.

(2) Niemand mag in antwoord op 'n kennisgewing bedoel in subartikel (1) inligting verstrek wat in wesentlike opsigte vals of onjuis is nie.

(3) Inligting verstrek ingevolge subartikel (1) word aan niemand bekend gemaak nie behalwe vir die doeleindes van hierdie Wet, of in 'n geregshof tydens 'n vervolging wat ingevolge hierdie Wet ontstaan.

Bevoegdhede van inspekteurs.

7. (1) 'n Inspekteur aan wie die sekretaris skriftelik inspeksiebevoegdhede verleen het, kan ondersoek instel om die inligting wat die sekretaris verlang, in te win of om vas te stel of die bepalings van hierdie Wet nagekom word of is, en kan vir daardie doel te alle redelike tye—

- (a) 'n plek betree of binnegaan ten opsigte waarvan hy rede het om te glo dat—
 - (i) daarop of daarin goedere, boeke of ander stukke is; of
 - (ii) dit in verband staan met goedere, 'n diens, boeke of ander stukke,
 waarop die bepalings van hierdie Wet van toepassing is;
- (b) goedere, boeke of ander stukke inspekteer wat kragtens hierdie Wet geïnspekteer kan word, of gelas dat goedere, boeke of ander stukke vir die doeleindes van inspeksie tot sy beskikking gestel word;

TRADE PRACTICES ACT, 1976

Act No. 76, 1976

(5) If any member of the committee dies, or resigns by notice in writing addressed to the Minister, the Minister may with due regard to the provisions of subsection (2), appoint any person as successor to such member for the unexpired period of office of such member.

3. (1) The committee shall meet at such times and places as the chairman or, if he is absent, the vice-chairman may determine. Meetings of committee.

(2) The quorum for and the procedure at any meeting of the committee shall be determined by the Minister: Provided that a quorum shall consist of not fewer than seven members and that persons in the employ of the State shall not constitute a majority of a quorum.

4. Any member of the committee who is not in the full-time employ of the State, shall in connection with the activities of the committee be paid such remuneration and allowances as may be determined generally or in any particular case by the Minister in consultation with the Minister of Finance. Remuneration and allowances of members of committee.

5. The secretary may—

- (a) delegate to one or to more than one officer of the Department of Commerce, any power conferred upon him by this Act, other than a power referred to in section 6; Delegation of powers and designation of inspectors by secretary.
- (b) designate officers of the Department of Commerce as inspectors to exercise, subject to his control, the functions of inspectors under this Act.

6. (1) The secretary may, from time to time, in respect of any matter specified in this Act, by notice in writing, sent by post or delivered, order any person to furnish in writing, before a date specified in the notice, to the secretary any information requested in such notice and relating to the business of such person: Provided that any information desired with a view to the exercise of any power conferred upon the Minister or the committee under this Act, may only be requested on the instructions of and on behalf of the Minister or the committee, as the case may be. Furnishing of information to secretary by certain persons.

(2) No person shall in reply to a notice referred to in subsection (1) furnish information which is false or incorrect in material respects.

(3) Information furnished pursuant to subsection (1) shall not be disclosed to any person save for the purposes of this Act, or in a court of law in a prosecution arising in terms of this Act.

7. (1) Any inspector furnished with inspection authority in writing by the secretary, may conduct investigations to gather such information as the secretary may desire or to determine whether the provisions of this Act are being or have been complied with, and may for that purpose at all reasonable times— Powers of inspectors.

- (a) enter any place in respect of which he has reason to believe that—
 - (i) there are on or in it any goods, books or other documents; or
 - (ii) it is connected with any goods, service, books or other documents,
 to which the provisions of this Act are applicable;
- (b) inspect any goods, books or other documents which may be inspected under this Act, or order that, for the purposes of inspection, such goods, books or other documents be placed at his disposal;

Wet No. 76, 1976

WET OP HANDELSPRAKTYKE, 1976

- (c) goedere, boeke of ander stukke wat op 'n vervolging kragtens hierdie Wet betrekking kan hê, in beslag neem en hou: Met dien verstande dat die persoon uit wie se besit of bewaring boeke of ander stukke geneem is toe dit aldus in beslag geneem is, op sy versoek toegelaat word om, solank sodanige boeke of ander stukke in die besit of bewaring van die betrokke inspekteur is, op eie koste, onder toesig van daardie inspekteur op enige redelike tydstop afskrifte van of uittreksels uit sodanige boeke of ander stukke te maak.

(2) Iemand in beheer van goedere, boeke of ander stukke wat deur 'n inspekteur bedoel in subartikel (1) geïnspekteer word, of 'n bestuurder, agent of werknemer van so iemand, moet op versoek van daardie inspekteur die hulp verleen wat nodig is om daardie goedere, boeke of ander stukke te inspekteer.

(3) Niemand mag—

- (a) versuim om op aanvraag enigiets in sy besit of onder sy beheer of op sy perseel wat betrekking kan hê op 'n inspeksie, tot die beskikking van 'n inspekteur bedoel in subartikel (1) te stel nie; of
- (b) versuim om te voldoen aan 'n bevel kragtens subartikel (1) (b) gegee of 'n versoek kragtens subartikel (2) gerig nie; of
- (c) 'n inspekteur bedoel in subartikel (1) by die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens hierdie artikel hinder of dwarsboom nie; of
- (d) valslik voorgee dat hy 'n inspekteur bedoel in subartikel (1) is nie.

(4) 'n Inspekteur moet 'n kwitansie gee aan die eienaar of die persoon in beheer van enigiets wat kragtens hierdie artikel in beslag geneem en gehou is.

(5) 'n Inspekteur aan wie skriftelike inspeksiebevoegdhede beoog in subartikel (1) verleen is en wat 'n bevoegdheid ingevolge hierdie artikel uitoefen, moet op versoek van iemand wat deur sodanige uitoefening geraak word daardie inspeksiebevoegdhede aan so iemand toon.

Geheimhouding.

8. Niemand mag ten opsigte van 'n besigheid inligting wat hy by die uitvoering van sy pligte of werksaamhede ingevolge hierdie Wet te wete gekom het, bekend maak nie behalwe—

- (a) met die doel om sy pligte of werksaamhede ingevolge hierdie Wet uit te voer; of
- (b) wanneer dit ten opsigte van 'n strafgeding op bevel van 'n bevoegde hof of ingevolge 'n wetsbepaling vereis word; of
- (c) wanneer hy vooraf skriftelik daartoe gemagtig word deur die sekretaris of deur iemand wat namens en in opdrag van die betrokke besigheid handel.

Verbod op sekere advertensies, verklarings, mededelings, beskrywings en aanduidings.

9. Niemand mag—

- (a) 'n advertensie wat in wesentlike opsigte vals of misleidend is, publiseer of vertoon of laat publiseer of vertoon nie; of
- (b) in verband met die verkoop of verhuring van goedere, regstreeks of onregstreeks 'n verklaring of mededeling doen of beskrywing of aanduiding gee wat in wesentlike opsigte vals of misleidend is ten opsigte van die aard, eienskappe, voordele of gebruike van daardie goedere of ten opsigte van die wyse of voorwaardes waarop of die pryse waarteen daardie goedere gekoop, gehuur of andersins verkry kan word nie;
- (c) in verband met die lewering of verskaffing van 'n diens, regstreeks of onregstreeks 'n verklaring of mededeling doen of beskrywing of aanduiding gee wat in wesentlike

TRADE PRACTICES ACT, 1976

Act No. 76, 1976

- (c) seize and retain any goods, books or other documents which may relate to any prosecution under this Act: Provided that the person from whose possession or custody books or other documents were taken when it were so seized, shall, as long as such books or other documents are in the possession or custody of the inspector concerned, at his request be allowed, at his own expense and under supervision of the inspector, to make copies of or take extracts from such books or other documents at any reasonable time.

(2) Any person in charge of any goods, books or other documents which are being inspected by any inspector referred to in subsection (1), or any manager, agent or employee of such person, shall at the request of any such inspector render such assistance as may be necessary for the inspection of such goods, books or other documents.

(3) No person shall—

- (a) fail on demand to put at the disposal of any inspector referred to in subsection (1), anything in his possession or under his control or on his premises which may relate to any inspection; or
- (b) fail to comply with any order given under subsection (1) (b) or any request made under subsection (2); or
- (c) hinder or obstruct any inspector referred to in subsection (1) in the exercise of his powers under this section; or
- (d) falsely hold himself out to be an inspector referred to in subsection (1).

(4) Any inspector shall issue a receipt to the owner or the person in control of anything seized and retained under this section.

(5) Any inspector who has been furnished with inspection authority in writing contemplated in subsection (1) and who exercises any power in terms of this section, shall, at the request of any person affected by such exercising, produce such inspection authority to such person.

8. No person shall in respect of any business disclose any **Secrecy.** information which came to his knowledge in the performance of his duties or functions in terms of this Act, except—

- (a) for the purpose of performing his duties or functions in terms of this Act; or
- (b) when required by order of any competent court or in terms of any law in respect of criminal proceedings; or
- (c) when authorized beforehand thereto in writing by the secretary or any person acting on behalf of and on the instructions of the business in question.

9. No person shall—

- (a) publish or display any advertisement which is false or misleading in material respects or cause such advertisement to be published or displayed; or
- (b) in connection with the sale or leasing of goods, directly or indirectly make any statement or communication or give any description or indication which is false or misleading in material respects in respect of the nature, properties, advantages or uses of such goods or in respect of the manner in, conditions on or prices at which such goods may be purchased, leased or otherwise acquired; or
- (c) in connection with the rendering or provision of any service, directly or indirectly make any statement or communication or give any description or indication

Prohibition of certain advertisements, statements, communications, descriptions and indications.

Wet No. 76, 1976

WET OP HANDELSPRAKTYKE, 1976

opsigte vals of misleidend is ten opsigte van die aard, eienskappe, voordele of gebruike van daardie diens of ten opsigte van die wyse of voorwaardes waarop of prys waarteen daardie diens gelewer of verskaf word nie.

Verbod op gee, lewering, verkoop of publikasie van handelskoepons in verband met verkoop van goedere of lewering of verskaffing van dienste.

10. Behoudens die bepalings van artikel 11 mag niemand—

- (a) in verband met die verkoop of verhuring van goedere of die lewering of verskaffing van 'n diens, 'n handelskoepon lewer of gee, of aanbied of belowe om 'n handelskoepon te lewer of te gee nie; of
- (b) 'n handelskoepon verkoop by dieselfde transaksie waarby hy ander goedere verkoop of verhuur of 'n diens lewer of verskaf nie; of
- (c) aan iemand wat betrokke is by die verkoop of verhuring van goedere of by die lewering of verskaffing van 'n diens, 'n handelskoepon verkoop, lewer of gee om uitgegee te word in verband met die verkoop of verhuring van daardie goedere of die lewering of verskaffing van daardie diens nie; of
- (d) 'n handelskoepon in 'n nuusblad, dagblad, tydskrif, vlugskrif, boek of ander drukwerk publiseer nie,

indien dit 'n voorwaarde van daardie handelskoepon is dat die persoon aan wie dit gelewer, gegee, aangebied of belowe word, goedere moet koop of huur of van 'n diens ten opsigte waarvan hy 'n teenprestasie moet gee, gebruik moet maak alvorens hy geregtig is om enige betrokke bate te ontvang of om aan 'n kompetisie om so 'n bate deel te neem.

Uitsonderings.

11. Die bepalings van artikel 10 word nie so uitgelê nie dat 'n verbod geplaas word op—

- (a) die betaling of die aanbod aan iemand wat betrokke is by die verkoop of distribusie of verhuring van goedere of by die lewering of verskaffing van 'n diens, van 'n kommissie of besoldiging ten opsigte van sy dienste; of
- (b) die toestaan van 'n korting op 'n prys of huurgeld wat 'n koper of huurder vir goedere of iemand vir die lewering of verskaffing van 'n diens betaal of moet betaal, of die aanbod om so 'n korting toe te staan; of
- (c)
 - (i) die lewering of gee aan 'n koper of huurder van goedere, van 'n dokument of teken wat die houer daarvan die reg gee om op aanvraag 'n som geld wat in verhouding is tot die prys of huurgeld wat vir daardie goedere betaal is, te ontvang; of
 - (ii) die lewering of gee aan iemand wat van 'n diens gebruik maak, van 'n dokument of teken wat die houer daarvan die reg gee om op aanvraag 'n som geld wat in verhouding is tot die prys wat vir die lewering of verskaffing van daardie diens betaal is, te ontvang:

Met dien verstande dat die verhouding, en die persoon deur wie en die plek waar sodanige som geld betaal sal word, duidelik op die dokument of teken vermeld moet word; of

- (d) die lewering aan of die verkryging deur iemand wat betrokke is by die verkoop of verhuring van goedere of by die lewering of verskaffing van 'n diens, van die dokumente of tekens bedoel in paragraaf (c) sodat, behoudens die bepalings van hierdie Wet, sodanige dokumente of tekens in verband met die verkoop of verhuring van daardie goedere of die lewering of verskaffing van daardie diens uitgereik kan word; of
- (e) die lewering of die gee aan 'n koper of huurder van goedere, van 'n dokument of teken wat die houer daarvan die reg gee om op aanvraag, na sy keuse, of 'n

TRADE PRACTICES ACT, 1976

Act No. 76, 1976

which is false or misleading in material respects in respect of the nature, properties, advantages or uses of such service or in respect of the manner in, conditions on or prices at which such service is rendered or provided.

10. Subject to the provisions of section 11, no person shall—
- (a) in connection with the sale or leasing of any goods or the rendering or provision of any service, supply or give, or offer or promise to supply or give, any trade coupon; or
 - (b) sell any trade coupon by the same transaction at which he sells or leases any other goods or renders or provides any service; or
 - (c) sell, supply or give to any person engaged in the sale or leasing of any goods or in the rendering or provision of any service, any trade coupon to be issued in connection with the sale or leasing of such goods or the rendering or provision of such service; or
 - (d) publish any trade coupon in any newspaper, journal, magazine, pamphlet, book or other printed matter, if it is a condition of such trade coupon that the person to whom it is supplied, given, offered or promised, must buy or hire any goods or make use of any service in respect of which he must give any consideration before he is entitled to receive, or to participate in any competition for, any relevant benefit.

Prohibition of delivery, sale or publication of trade coupons in connection with sale of goods or rendering or provision of services.

11. The provisions of section 10 shall not be so construed as to prohibit—

- (a) the payment or offer of any commission or remuneration in respect of his services to any person engaged in the sale or leasing or distribution of any goods or in the rendering or provision of any service; or
- (b) the allowance of a discount on the price or rental paid or payable by any purchaser or lessee for any goods or any person for the rendering or provision of any service, or the offer to allow any such discount; or
- (c) (i) the supply or giving to any purchaser or lessee of any goods, of a document or token entitling the holder thereof to receive on demand payment of a sum of money bearing a proportion to the price or rental paid for such goods; or
